

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD****Sondag 13 November 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00		
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy	
1.	Skrifberyming 12-3:1 & 2		Psalm 147:1, 2	Bl.704	
2.	Psalm 150:1 – 3	Bl.719	Skrifberyming 2-4: 3		
3.	Skrifberyming 17-2:5-8		Skrifberyming 1-2:2 & 3		
4.	Psalm 20:2, 4, 5	Bl.91	Psalm 145:1-3 &	Bl.696	
4.	Skrifberyming 5-1:1-4		10-12		
5.	Skrifberyming 13-2 (Amen)		Skrifberyming 13-2 (Amen)		

**ONS GEMEENTE SE 30-JARIGE FEESVIERING**


Tydens eerskomende naweek (19-20 November) wil ons met dank teenoor die Here op gesellige en luisterryke wyse fees vier. Die program vir die naweek sien soos volg daar uit:

- **Saterdag 19 November 2011**

Die verrigtinge begin 13:30 vir 14:00 op die kerkterrein (onder die afdakke). Aktiwiteite vir die jongmense en klein kinders word gereël wat onder meer insluit speletjies en 'n springkasteel. Die kinders moet asseblief sorg dat hulle reeds teen 14:00 daar is. Hierdie aktiwiteite sal deur die loop van die middag aangebied word, ons kinders moet dit dus nie misloop nie. Die grootmense kuier deurlopend vanaf 14:00, maar teen 16:30 begin die formele program vir die volwassenes. Om 16:30 gaan ons gemeente se "Dorslandsangers" ons vergas met hulle sang, gevolg deur ds. Koos Cloete en dr. André Grovè wat so bietjie staaltjies gaan vertel uit hulle bedieningsjare in ons gemeente. Daarna volg enkele ander aktiwiteite en om 18:00 eet ons saam en kuier gesellig verder. ***Vir die Saterdag-funksie moet almal asseblief hulle eie eetgerei, drinkgoed, bypassende glase en stoele saambring.***

- **Sondag 20 November 2011**

Ons Nagmaaldiens begin op die gewone tyd (09:30). Ds. Koos Cloete lei die erediens terwyl dr. André Grovè Nagmaal sal bedien. Na afloop van die erediens volg 'n kort program bestaande uit 'n kort oordenking en dankbetuiging teenoor ons hemelse Vader en 'n groetboodskap van die klassis deur dr. Jan Lion-Cachet (ons konsulent), afgewissel met gemeentesang. Die dag- en feesverrigtinge word afgesluit met tee/koffie en verversings in die saal.

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 13 November 2011

Nommer 32

**DIE SKADUWEE VAN GELOOFSTWYFEL**

Selfs in die gemoed van mense van wie die geloof baie sterk is, kom daar momente van twyfel. Dit gaan amper soos in die natuur. Ons kry die lente en somer tyd met groei, vrugte en blomme. Maar dan kry ons ook die herfs en winter tyd met kaalgestroopte takke en vaal verdorde gras, dood geen lewe nie.

- ☉ *Twyfel* of jy werklik 'n kind van die Here is.
- ☉ *Twyfel* of jy waarlik uit-verkore en wedergebore is.
- ☉ *Twyfel* of God werklik bestaan as Drie-enige God.
- ☉ *Twyfel* oor die gevolge van jou sondes.

Twyfel kan jou in so 'n engte druk dat selfs om te bid later baie moeilik is. Vanweë die sonde sal twyfel die mens altyd soos 'n skaduwee volg. Onthou as jy wil glo en eerlik begeer om die Here te dien, dan is dit 'n bewys dat die Heilige Gees in jou hart werk. As jy die vrugte van die geloof in jou lewe opmerk, skeep dan moed, want dit is 'n bewys van jou kindskap van God. Jou fyngewoelheid oor jou probleem bewys dat jy nie daarin verstar het nie. Jou weerstand teen die sonde en jou drang om in die regte verhouding met God te staan, is tog die roepstem van Christus in jou binnenste.

Jy moet nie geloofsekerheid in jouself soek nie. Jy sal dit nie vind in jou optrede as mens nie. Jy sal geloofsekerheid ook nie vind deur jou lewe met ander te vergelyk nie. Net so min as wat jy 'n anker op die dek van 'n skip uitgooi en verwag dit sal die skip stewig anker in die storm net so min sal jy geloofsekerheid in jouself vind of in iemand anders. Sekerheid lê buite jou in die vaste beloftes van God dat Hy diegene wat na Hom kom nie sal wegstoot nie. Volhard in Bybellees, gebed en die bywoning van die eredienste. Daardeur werk God die sekerheid in die hart.

Dr. Nico van der Merwe



## PREKE VANDAG



Dr. Sarel van der Walt

### Oggenddiens Tema: **WAT DINK JY VAN DIE KERK / WAT BELY JY VAN DIE KERK?**

**Lees:** 1 Korintiërs 12:12-27

**Teks:** 1 Korintiërs 12:12, 27

In hierdie gedeelte word die beeld gebruik van die liggaam, as metafoor vir die kerk, om die wonder van die kerk as eenheid onder Christus sy Hoof uit te beeld. Dink 'n bietjie: As die menslike liggaam met al sy funksies en eienskappe so wonderlik is, hoeveel wonderliker is die kerk nie. Sal die kerk, as liggaam van Christus, minder wonderlik wees as 'n mens se liggaam? Want die Hoof, Jesus Christus, bestuur en beheer en koördineer en heers en regeer oor sy liggaam. As ons van die kerk bely, nie wat sondige mense daarvan gemaak het nie, maar wat God in sy Woord daarvoor openbaar, soos hier in 1 Kor. 12, dan bely ons wat die kerk behoort te wees. En as ons erns maak met hierdie belydenis oor ons kerk, met ander woorde wat ons oor die kerk glo, en nie wat die wêreld daarvan dink nie, dan besef ons dat die kerk niks minder as 'n wonder is nie.



### Aanddiens Tema: **DIT IS GENADE!**

**Lees:** Efesiërs 2:1-10

**Teks:** Efesiërs 2:8

Sondag 23 leer ons van die grootste genadegesken ooit uit die hand van die Here. Hier gaan dit oor ons regverdiging. Hoe is ons geregverdig voor God? Deur Christus alleen, deur die Woord alleen, en deur die geloof alleen. Hierdie drie aspekte vorm die raamwerk van Sondag 23.



### PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA

Ons sê dankie.... Die volgende briefie is ontvang:

*“Dit gaan goed met ons almal hier. Dit is net alweer eksamentyd. Luki maak al die 20ste November klaar met matriek. Sover lyk dit asof dit goed gaan met sy eksamen. Bonsai bestaan nou uit 11 seuns. Christopher (8) en Anthony (5) Bezuidenhout het ook by ons kom bly. I.v.m. die naweek wat julle ons uitgenooi het plaas toe – ons doen op 16 Nov. jaarbeplanning en sal julle die 17 Nov. 'n paar datums kan gee. Die belangrikste rede waarom ek die brief skryf, is om V\_R\_E\_E\_S\_L\_I\_K B\_A\_I\_E D\_A\_N\_K\_I\_E te sê vir die mooi kassies wat julle vir ons gebring het. Dit is vir ons goud werd en almal gebruik dit. Dit is die beste idee ooit! Van nou af tot die skole sluit gaan ek baie besig wees: funksies, eksamen, vakansietasse, tande-afsprake, prysuitdelings en nog baie ander klein jakkalsies. Ja, ons het kinders wat toekennings ontvang by die skole se prysuitdelings. Ons is baie trots op hulle: Hendrik de la Rey, J.J. Swanepoel en waarskynlik ook Luki. Ek hoop dat dit nog goed gaan met almal in Klerksdorp-Noord gemeente. Ek wil graag met die briefie van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat so goed en gaaf was om ons te bederf deur die jaar. Wees verseker dat een en almal van Bonsai dit opreg en van harte waardeer. Liefdegroete,  
Annalie Neveling (Versorger) en al die seuns van Bonsai. »*



### LOSMAKING EN AFSKEIDSPREEK DR. SAREL VAN DER WALT

Dr. Sarel van der Walt het versoek dat 'n *classis contracta* vir sy formele losmaking van hierdie gemeente op 17 November 2011 byeen geroep word. Dit beteken dat die breë kerkraad tesame met die konsulent, dr Jan-Lion Cachet, en twee ouderlinge van ons naburige gemeentes, naamlik Klerksdorp en Stilfontein hiervoor sal vergader, voordat die verslag- vergadering van die ouderlinge plaasvind. Dit is die mees geskikte datum, aangesien sy uittreepreek te laat in die jaar sal wees, wat dit moeilik maak om die nodige formaliteite af te handel. Ondertussen is besluit dat sy uittreepreek op Sondagoggend 27 November 2011 sal wees sodat soveel van ons gemeentede as moontlik teenwoordig kan wees. Dr. Van der Walt sal daarna nog twee Sondae tydens die skoolvakansie vir ons preek, voordat hy en sy gesin na Potchefstroom verhuis.



vir spreekbeurte, heerlike "fellowship", braaivleis, en al die ander lekker bederf.

Terwyl ons so duisende kilometers rondgery en gevlieg het na ses verskillende Provinsies in Suid-Afrika het daar nog baie ander navraag gedoen of ons ook by hulle gemeentes kan optree. Luïse en die kinders moes na n maand terugkeer na Sri Lanka aangesien die nuwe skooljaar weer begin het. Ek het juis agtergebly in Suid-Afrika om by die ander gemeentes op te tree. Daar was ongelukkig nie genoeg tyd om al die uitnodigings te aanvaar nie en hopelik kan ons met 'n volgende besoek by al die ander belangstellendes ook uitkom.

Die aangehegte foto's van die 25 meisies is 'n onlangse foto. Silika (22 jaar oud) het 5 jaar terug by ons ingeskakel, Wasagtig (22 jaar oud) was vir 8 jaar by ons en Statika (16 jaar oud) was 3 jaar by ons. Ons gaan soos gewoonlik moeilik afskeid neem wanneer hulle voor die einde van die jaar weer by hulle families inskakel. Ons vertrou dat elkeen van hulle, hul nuwe lewe wat hulle in Christus gevind het, sal gaan uitleef tussen hul heidense familie. AshokaMalli, Madu, Sandawanti en Sandamali is vier nuwe gesiggies hier by ons. Elkeen wys, tesame met die res van ons GROOT familie mooi vordering en ons vertrou julle sal voortgaan om saam met ons hierdie jong meisies wat op so 'n jong ouderdom seergekry het, in gebed te dra!

Vanjaar is my vyf-en-twintigste jaar in Sri Lanka en Luïse se vyftiende jaar. Ons dank die Here vir beskerming en voorsiening. Ek moet weer binne die volgende paar weke ons verblyfspermit hernu. Dit is altyd so 'n groot stryd om die immigrasiebeamptes te oorreed om ons goedgesind te wees. Soos in die verlede glo en vertrou ons dat die Here weer vir ons sal intree!!

Ons sien ook baie uit na elkeen wat belangstelling getoon en bewys het om ons hier in Sri Lanka te besoek. Namens almal hier in Sri Lanka wil ek net weereens baie dankie sê vir al die seëninge en belangstelling in ons wel en weë. Ons sien uit daarna om sommer gou van julle ook ietsie te hoor!

Liefde in Jesus,

Pieter, Luïse, Chantelle, Sonia, en al die inwonende dogters.

Kandy, Sri Lanka.

3 November 2011



### GELOOFSBELYDENIS

Vanoggend lê drie verbondskinders in die midde van die gemeente belydenis ag van hulle geloof. Daarmee word ook teruggedink hoe hulle deur hulle ouers Christelik opgevoed is en ook deur die kerk kategeties geskool is. Vanuit die Skrif is hulle begelei op die weg van volwassenheid in die geloof. Nou kom die kinders om hulle geloof in God Drie-enig openlik te bely. Toe hulle gedoop is het God deur die teken van die doop gesê: "Julle is my kinders." Nou sê die kinders: "Ja, U is my Vader". Die kinders is:

- Mollière Daffue
- Gercia Pelser
- Jacques Smit

Van harte geluk aan die kinders en hulle ouers, met hierdie groot stap wat julle gedoen het en mag julle meelewende lidmate van die kerk wees. Geluk ook aan die ouers wat vandag hierdie heerlike byeenkoms met hulle kinders kan deel. Aan God die eer!



### BYBELSTUDIE

Kom sluit gerus aan by enige van die volgende groepe (kontak my vir meer inligting oor enige van die Bybelstudies – dr. Sarel):

**WOENSDAE** (volgens die datums op die gemeentekalender)

Bybelstudie 10:00 by die pastorie. Ons behandel tans die Lukas-evangelie.

**SONDAE** (volgens die datums op die gemeentekalender)

Bybelstudie na die aanddiens. Hierdie groep kom op bepaalde Sondagaande na die aanddiens in die konsistorie bymekaar en behandel tans die Hebreërboek.



### MUNTLEGGING

Die Muntlegging op Sondag 30 Oktober het die mooi bedrag van R4017 opgelewer. Gedurende die jaar is R2440 bygedra. Daar is nog 'n paar rand op pad en saam met die deurkollekte, behoort ons ongeveer R7000 aan die Admin. Buro vir Bybelverspreiding oor te betaal. Dit beloop die pragtige bydrae van min of meer R20 per belydende lidmaat. Baie dankie aan almal wat so mildelik bygedra het!

Piet Kruger (Kassier)





## OUERS AANDAG ASSEBLIEF!!!

### STUUR ASSEBLIEF GEGEWENS VAN KINDERS SE PRESTASIES

Die verskillende skole het teen die einde van die jaar hulle prysuitdelings-funksies vir 2011 en die verkiesing van Leerlingrade en Prefekterade vir 2012 vind ook plaas. Omdat die gemeente saam met die ouers trots is op en dankbaar is vir ons mooi verbondskinders se prestasies in hulle skooljare wil ons graag elke verbondskind se prestasie in Simbaal publiseer sodat die gemeentede in die vreugde kan deel van ouers en kinders en ook 'n gelukwensing kan gee aan wie dit toekom.

*Sal pa's en ma's, oupas en oumas, vriende en maats asseblief laat weet van die kinders se prestasies wat tydens die toekenningsaande oorhandig is of met die verkiesing van 'n Leerlingraad. Skakel dr. Nico van der Merwe met berigte (☎ 018-468-1782) of sr. Martie Venter (☎ 018-468-6790).*

U kan ook die volgende e-pos adres gebruik:  
*nico.vandermerwe@telkomsa.net*

### VERKIESING VAN AMPSDRAERS

Die volgende lidmate word deur die kerkraad ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die besondere dienste. As *diakens*: Br. Jannie Blignaut (jnr), srs. Linelle Hitge, Rina Steenkamp, Elsabé du Plessis, Drienie Schutte, Armanda Blignaut, Lena Buys en Arenda Putter. As *ouderlinge*: Brs. Jannie (Blikkies) Blignaut & Pierre van der Walt. Na verloop van die 3-weke approbasie tydperk sal die lidmate, as daar geen besware ontvang is nie, geroep word tot die onderskeie dienste, waarna hulle, indien hulle die roeping opvolg, in die ampte bevestig sal word op 'n datum soos deur die kerkraad bepaal sal word.



### SENDING TE SRI LANKA

Ons gemeente het die sendeling, Pieter Ter Haar, onlangs 'n geleentheid gegee om ons toe te spreek oor die sendingaksie wat hulle in Sri Lanka aan die gang het. Pieter en Luise bedryf 'n kinderhuis waar kinders van kleins af deur Pieter onder hande geneem word en op 'n besondere wyse die boodskap van ons Here Jesus Christus aan hulle verkondig word in 'n wêreld waar die Christendom nie welkom is nie. Soos Pieter vertel is hy en Luise (het nou 2 dogters) as Suid Afrikaners geroep deur die Here om oor baie jare (ongeveer 25 jaar) in Sri Lanka die Woord van die Here te verkondig. Pieter is oor al die jare deur Suid Afrikaanse Kerke geestelik en finansiële ondersteun. Een van ons lidmate het per geleentheid besoek afgelê by die kinderhuis van Pieter en Luise en was beïndruk gewees met die deurstellingsvermoë wat hulle aan die dag lê om in moeilike omstandighede Jesus se boodskap te verkondig.

Die kerkraad het besluit om die sendingaksie ook te ondersteun (goedgekeur op ons onlangse Kerkraadsvergadering) by wyse van 'n Sending- en Evangelisasiekommissie om sake soos hierdie te hanteer en aanbevelings aan die kerkraad te maak. Soos Pieter ons gevra het moet ons hulle geestelik ondersteun en voorbidding doen vir hulle belangrike werk. Ons sal uiteraard hulle ook finansiële graag wil ondersteun. Tans bestaan daar geen formele begroting vir hierdie uitreik nie, maar sal enige skenking deur lidmate hoog op prys gestel word. Ten einde die finansiële hulp prakties te maak, sou maandelikse hulp van ongeveer R 2000 per maand doeltreffend kon wees. Lidmate wat hulle weg oopsien om maandelikse bydraes in die verband te maak kan so doen op hulle maandelikse kerklike bydrae en die bykomende bydrae te merk synde vir die Sendingaksie - Sri Lanka. Vir verdere navrae in die verband skakel met Johan Mocke by 083 292 8337.

Hier volg 'n briefie van Pieter Ter Haar

"Ons Ter Haar gesin is alreeds vir 'n hele ruk weer terug in die Sentrale heuwels van die Perel in die Indiese Oseaan !!!!!  
Buite op die grasperk voor die kinderhuis speel van die meisies lekker "pittoe", 'n plaaslike speletjie, en van die ander kinders is woelig in die kombuis met die voorbereiding van tradisionele rys en kerrie, terwyl die res sit en skoolwerk doen.

Alles is weer so mooi groen en die reuk van die monsoon reën hang nog vars in die lug. Ons is die Here dankbaar dat alles so goed gegaan het hier by die Kinderhuis terwyl ons as gesin Suid Afrika besoek het.

Hoe lekker is dit tog vir ons om weer terug te wees in Sri Lanka na 'n baie, baie geseënde besoek in Suid Afrika – aan gemeentes en familie en vriende. Dankie aan alle donateurs vir ons finansiële ondersteuning. Besondere dank

**VAKANSIE-EREDIENSTE**

Die eredienste tydens die Desember vakansie sal soos volg daar uitsien:

DATUM	TYD	KERKRAAD AAN DIENS	PREDIKANT
11 Des	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord
18 Des	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord
25 Des	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	Klerksdorp Klerksdorp-Noord
1 Jan	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	Klerksdorp Klerksdorp-Noord
8 Jan	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	Klerksdorp Klerksdorp-Noord
15 Jan	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord

**NB:** Al die oggenddienste vind plaas in Klerksdorp se kerkgebou, terwyl die aanddienste steeds in ons Kerkgebou sal wees.

**VERKIESING VAN AMPSDRAERS**

Die volgende lidmate word deur die kerkraad ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die besondere dienste. As *diakens*: Br. Jannie Blignaut (jnr), srs. Linelle Hitge, Rina Steenkamp, Elsabé du Plessis, Drienie Schutte, Armanda Blignaut, Lena Buys en Arenda Putter. As *ouderlinge*: Brs. Jannie (Blikkies) Blignaut & Pierre van der Walt. Na verloop van die 3-weke approbasietydperk sal die lidmate, as daar geen besware ontvang is nie, geroep word tot die onderskeie dienste, waarna hulle, indien hulle die roeping opvolg, in die ampte bevestig sal word op 'n datum soos deur die kerkraad bepaal sal word.

- ◆ **Haat vergiftig die hater meer as die gehate.**
- ◆ **Die Here maak sy kinders groot deur hulle klein te hou.**
- ◆ **Om alles te doen op sy tyd is die middel om tyd te hê om alles te doen.**

**SUSTERSAAMTREK – DV SATERDAG 10 MAART 2012**

Die tema is “Gelowig Vrou in die hande van dié Pottebakker”. Ons spreker is Dr Maryn Botha, Nasionale Voorsitter van Solidariteit Helpende Hand, Vroue in Aksie, soos u reeds weet.

Die dag se program sal in Januarie 2012 aan u gestuur word, maar die dag se verrigtinge begin reeds om 8:00 met registrasie en ontbyt. Die program word afgesluit met 'n ligte middag maal.

Ons versoek u vriendelik om die volgende per e-pos aan ons te stuur asb:

- Naam, telefoonnommer en e-pos adres van kontakpersoon in die gemeente
- Voorstelle vir 'n tema in 2013
- Lys van name van persone wat die saamtrek sal bywoon moet ons bereik op 17 Feb 2012, asb.

Die dagfooi beloop R85,00 perpersoon. Alle gelde kan vooraf in betaal word in ons susters se rekening nl. Die Gereformeerde Susters Klerksdorp. ABSA rekening nommer: 095 0340231.

U kan my kontak by die volgende nommers:

Carien Lion-Cachet Sel: 083 395 7376 (Heel Dag) Huis: 018 468 7650

**CACHET SKOOLVERLATERSKAMP**

**DATUM:** 9-13 Januarie 2012

**KAMPTERREIN:** Nooitgedacht

**VERTREK PUNT:** Teologiese Skool (Molen Straat)

**TYD VAN VERTREK:** Maandag 9 Jan om 13:00

**TYD VAN AANKOMS:** Vrydag 13 Jan om 13:00

**KOSTE:** R600.00

Die tema van die kamp is: *Hoe bring jy student-wees en Christen-wees inlyn met mekaar?*

**BANKBESONDERHEDE:** JUBILA, ABSA Spaarrekening

TAKKODE: 335-138 REKENINGNOMMER: 9066522601

FAKS DEPOSITOSTROKIE NA: 086 510 2073 OF EPOS: [cachetgk@yahoo.com](mailto:cachetgk@yahoo.com)

**Vir enige navrae:**

Paul Vogel: 084 440 2199

Reinier Muller: 082 924 7835

Annelise Theunissen: 084 554 7290

Ds. Willem Vogel: 084 688 1756

Ds. Ronald Bain: 082 339 0933

**6.**

**SIMBAAL 13 NOVEMBER 2011**

---

## KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
13 November	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma
20 November	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds GKSA

## GEMEENTEPROGRAM

Sondag 13 November tot Saterdag 12 November 2011

Sondag 13 November	Oggenddiens	09:30
Sondag 13 November	Aanddiens	18:00
Donderdag 17 November	Ouderlingevergadering	18:00

## TEESKINKBEURTE

Sondag 13 November 2011	Wyke 01 tot 07
Sondag 20 November 2011	Wyke 01 & 02

## VERJAARDAE

13 Nov.	Anna Alberts	Wyk 09	072-462-8726
13 Nov.	Heila Nortman	Wyk 17	018-468-2747
13 Nov.	Michael van der Walt	Wyk 01	018-468-1354
16 Nov.	Karin Coetzee	Wyk 23	018-468-6319
16 Nov.	Sofia Estelle Sterley	Wyk 05	018-468-5628
17 Nov.	Erica Kotze	Wyk 28	082-324-4058
17 Nov.	Louise Smit	Wyk 11	018-469-1884
17 Nov.	Martin van der Merwe	Wyk 15	018-468-3960
19 Nov.	Cecile van der Walt	Wyk 21	018-462-8486

Hartlik geluk aan die verjaardagmense van hierdie week. Mag God julle nuwe lewensjaar op vreugdevolle en suksesvolle weë rig.



## KOOR VIR KERSPROGRAM

Koorlede oefen na die

erediens in die saal.

**SIMBAAL 13 NOVEMBER 2011**

**7.**

## LIEF EN LEED



- Leandrie en Gunter Steenkamp is verlede naweek gehospitaliseer vir 'n virusinfeksie.
- Elsa van Heerden se blindederm is die afgelope naweek verwyder, en ons doen ook voorbidding vir haar en Jan se kleinkind (in Upington) wat 'n baie seldsame virusinfeksie onder lede het. Ons bid dat die behandeling vir die dogtertjie geseën sal wees.
- Janneman Botha het die afgelope Woensdag 'n oogoperasie ondergaan wat baie suksesvol was. Ons is saam met hom dankbaar daarvoor!
- Sr. Anna Alberts het die afgelope week behandeling in Klerksdorp-hospitaal ontvang. Ons bid vir seën op die behandeling en spoedige beterskap.

## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

### BEROEPE ONTVANG

- Ds RB Fourie van Boksburg-Suid na Bellville-Oos as medeleraar.
- Ds JC van Dyk van Ventersdorp na Vaalharts.

### BEROEPING VAN 'N PREDIKANT

Ds. André de Jager van Gereformeerde Kerk Vryheid is deur die gemeente beroep as predikant vir ons gemeente. Ons bid hom sterkte toe met die oorweging van die roeping en bid dat die Here hom so mag lei om die roeping op te volg en in ons gemeente te kom werk. Ds. De Jager het tyd tot g 20 November 2011 om op die beroep te antwoord.

- ◆ **Leen net uit wat jy kan bekostig om te verloor.**
- ◆ **Om aan iets te werk sonder om vergoeding daarvoor te verwag is goed vir jou karakter.**

◆ Slegs op die weë van God lê die seëninge van God.